TONI VAN ZYL
Financial Services / Finansiële Dienste
CC/BK 97/20955/23 FSP 181
Tax Practitioner / Belastingpraktyk nr: PR-FC816B3
VAT / BTW 4450165438

21 Erica Street,
Gordon's Bay / Baai, 7140

☎ 021 856 2100/40
021 856 4581
tonis@yebo.co.za

Professional independent financial service providers whom you can trust
Professionele onafhanklike finansiële diensteverskaffers op wie u kan staatmaak

Financial-, Estate- & Retirement Planning / Short Term Insurance / Budget Planning
Finansiële-, Boedel- & Aftreebeplanning / Korttermynversekering / Begrotingsbeplanning

Liewe Kliënte, Desember 2010

2010 is op 'n einde. Van die markte se kant af was dit aanvanklik baie wisselvallig hierdie jaar, maar het nou mooi herstel. Baie dankie aan ons fondsbestuurders, veral Bondstreet, met bogemiddelde prestasies. Dit is belangrik vir ons om ons kliënte se portefeuljes ten minste een maal per jaar te hersien. Maak seker julle kan julle afsprake nakom.
Die rentekoers is deur die jaar verlaag, en die repo koers is nou die laagste in 40 jaar met 9%. Dit is baie goeie nuus vir almal met skuld, maar ongelukkig kry veral ons ouer pensioenarisse wat afhanklik is van rente-inkomste nou swaar.

Baie welkom aan al ons nuwe kliënte, veral diegene wat aftree ouderdom bereik het. Voorspoed met die nuwe fase in julle lewens.

Masthead, ons voldoeningsbeampte, doen kwartaaliks beoordeling van prosesse by ons kantoor. Dit verseker dat ons kliënte effektief en volgens wet gediens word. Ons is trots op die positiewe terugvoer en die ontwikkelingsareas wat al minder word. Ons is tans besig om saam met Masthead se praktykbestuurder, Ronel Beresford, 'n volledige oudit verslag saam te stel. Toni en Antoni gaan tydens die vakansie die informasie rakende ons kantoor invoer. Ronel het bevestig ons stelsels is grootliks reeds in plek en het ons daarop gekomplimenteer. Dankie aan Vivienne, ons voldoeningsbeampte en ook Ronel vir hulle bydrae om te verseker dat ons kantoor effektief funksioneer.

Lewens- en ongeskiktheidseise

Antoni het ons behoefteontledingprogram (F.N.A) opgradeer. Kontak ons gerus sodat ons kan seker maak julle trauma-, lewens- en ongeskiktheidsbehoeftes is in orde. Lees die volgende statistieke aangaande trauma versekering.

Cancer, heart attack and trauma strike when you least expect

The life insurer provided a raft of interesting statistics for the period 1 July to 30 September 2010. In just three months the group paid out 708 claims totaling R349.966 million. The average payout for the period was R494 303 – though one claim ran to R21.929 million.

These statistics are collected from the assurance book. The insurer's typical policyholder is in the 36 to 40 age band and the entire book is skewed slightly toward male members, with 56% male versus 44% female. 79% of these policyholders are non-smokers.

Main causes of death

The bulk of the payouts awarded in the latest quarter – totaling R239.037 million – are for death claims. Cancer, Heart & Artery and Trauma events account for 71% of death claims by volume and approximately 82% by value! A worrying statistic is the increase in Suicide related claims between the second and third quarters this year. The group reports an increase from 2% of total claim volumes to 8%, with the rand payout for such claims soaring from R1.488 million to R23.941 million.

What struck me about the statistics was the average age of "victims" of the various death, dread disease and disability events. Under the Causes of Severe Illness Benefit claims section lists the average age of Cancer claimants as 47 years, the average age of Heart & Artery claimants at 49 years, and the average claim for Respiratory Diseases claimants at just 40 years. Across all claim types the average age spans between 40 and 50 years – with a couple of outliers in the mid-50s and late-30s. The lesson – if you're going to suffer an event it's likely to be in your 40s!

The value of life insurance

Why should you have life insurance? There are countless reasons, the main one being to ensure the financial wellbeing of your family and dependants should you die or suffer from an income limiting disease or disability.

FA News 25/11/2010

Ongelukkig het ons kliënte met ernstige siektes. Ons wens aan julle spoedige beterskap. Ons is dankbaar vir Hannes Borman, ons kollega in Brackenfell, wat 'n suksesvolle knie operasie ondergaan het. Ons dink ook aan almal wat geliefdes verloor het soos die Werth- en Crous-families. Elmarie se pa is ook in Oktober in Newcastle oorlede asook ons vorige sekretaresse van baie jare, Marlene Halkett.

Baie geluk aan Alta en Carina Shepherd met hulle Provinsiale Kleure in Netbal en hulle deelname aan die SA Netbal uitdaging.

Belastingaanslae

Soos voorheen bevestig, vereis S.A.I.D. (S.A.R.S.) van nou af dat ritboeke (log book) gehou moet word om reiskostes te eis. Kliënte moet in die toekoms volledige uitgawes aan ons gee om dit te kan terugeis. Ons is finansiële beplanners en hoewel ons geregistreer is as belastingpraktisyns doen ons slegs aanslae vir bestaande kliënte.

Stuur ook asb. in die toekoms 'n opsomming van julle mediese uitgawes en hou die strokies vir 5 jaar (volgens S.A.I.D. se regulasies).

Korttermynversekering

Maak asb. seker dat julle elke jaar julle polisse nagaan om seker te maak julle is reg verseker. Motors se versekerde bedrae moet verminder en al julle ander besittings behoort vir vervangingswaarde verseker te wees. Maak seker waardevolle items is verseker en dat julle nie onderverseker is nie. Vir eise skakel die maatskappye direk of kontak vir Elmarie by ons kantoor.

Vir navrae tydens die Kerstyd wanneer ons kantore gesluit is:

Mutual & Federal kliënte	Tel: 021-401 6911 (Eise)
	Tel: 021-808 5500 (Navrae)
Santam	Tel: 0860 726 826 (Alle navrae en wysigings)
	Tel: 0860 122 334 (Alle eise en navrae aangaande eise)
Auto & General	Tel: 021-527 8666

Ons kantore sal gesluit wees vanaf 20 Desember 2010 - 5 Januarie 2011.
Baie dankie vir julle volgehoue vertroue in ons. ‘n Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwejaar aan almal!

Baie groete
Van ons almal by Toni van Zyl Finansiële Dienste